# Hoërskool Wolmaransstad

Vak: Afrikaans Huistaal Vraestel 2

Graad: Graad 11

Datum: 25 Oktober 2019

Tyd: 2 uur

Totaal: 80 punte

Eksaminatise: A. Treurnich & C. Wassermann

Moderatrise: M. le Roux

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Gedigte | (30) |
| AFDELING B: | MIS: Literêre opstel | (25) |
| AFDELING C: | MIS: Kontekstuele vrae | (25) |

2. **AFDELING A:**
   Gesiene gedigte: Beantwoord TWEE
   Ongesiene gedig: Verpligte vraag (VRAAG 5)

   **AFDELING B:**
   Beantwoord die langvraag in hierdie afdeling. Slegs 'n volledige breinkaart is nodig vir beplanning.

   **AFDELING C:**
   Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

3. **Lengte van antwoorde:**
   Die lengte van die opstel vir die gedig is 200-250 woorde.
   Die lengte van die opstel vir die drama is 400 – 450 woorde.
   Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

4. **Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

## AFDELING A: GEDIGTE

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae

### VRAAG 1 OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die opstelvraag.

**Afrika, my Afrika**

– Daniel Hugo

I

vergeet van springkane en droogte
haelstorms en meteoriete
dit is die klein irritasies
wat my radeloos maak:
vlieë, vlooie, muskiete

II

die muskiet prospekteer met sy boor-
stellasie op die vlakte van my vel:
hy soek die minerale in my are

III

die vervlakste, ratse vlooi is 'n spring-
haas op die karooveld van my kooi

IV

die vlieg is 'n voorste sensasiesoeker:
in hierdie droë land is hy eerste by – geboei
deur trane wat loop, bloed wat vloei

[Uit: Hanekraai, 2012]

Die metafore van die muskiet, die vlooi en die vlieg word uitgebrei om beelding soos hiperbool en klimaks te bewerkstellig. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 200 – 250 woorde.

**[10]**

OF

**VRAAG 2 KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

## My hand ritsel – Cas Vos

1. As die skemer deur ruite val,
2. ritsel my hand op leë papier,
3. fluit 'n trein in die nag se oor.
4. Sterre dryf soos bote op water
5. en skadu's skuif in voor die maan.

6. As my hand ritsel op papier,
7. kom daar in die skemeruur
8. 'n gedig uit swartland se drome.
9. Ek soek tussen die fragmente
10. na die omtrek van jou gesig,
11. my oë dwaal oor die are
12. wat op jou sagte hande vertak.

13. Ek merk hierdie gedig op papier,
14. lig soos asem in die nag se mond.
15. 'n Gedig met horte en stote,
16. my hand is stomp en dom
17. van groen poësie se vlekke
18. en woordlyne bly ontspoor.

19. My hand skryf op papier
20. in die vervalle skemeruur
21. voor my woorde droog ritsel.

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Hoe weet ons die spreker is 'n digter? | (1) |
| 2.2 | Waarom is dit korrek om te sê daar het heelwat tyd verloop voordat 'n gedig begin vorm aanneem het? | (1) |
| 2.3 | Benoem die stylfiguur in versreël 6 en noem EEN rede hoekom die digter dié stylfiguur hier doeltreffend inspan. | (2) |
| 2.4 | Wat is die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van *fragmente* (versreël 9)? | (2) |
| 2.5 | Herlees strofe 3. Verduidelik wat met *horte en stote, groen poësie* en *bly ontspoor* onderskeidelik omtrent die spreker se handeling te kenne gee. | (3) |
| 2.6 | Tot watter insig kom die spreker in die slotstrofe? | (1) |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 3 KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg

### Boggomsbaai-blues - Pirow Bekker

Bog met die blues, dis agter die duin:
almal ry hier op die golwe se kruin.

Niemand skree boggom oor 'n donker jas,
hier sing jy 'n ding tot dit jou pas.

Eintlik is die dood jou beste pel:
bly jou lewe lank jou metgesel.

Waar jy ook al gaan, hy bly by jou,
druk op sy nommer en hy's gou soos nou.

Jy kan maar aanjaag, hy's daarvoor gebou.
Raak jy dalk eensaam, hy is daar vir jou.

Die beste nog: vergeet maar die gekwel:
verstoot sal hy jou nooit, sy hart is 'n hotel.

[Uit: Stillerlewe, 2002]

3.1 Benoem die halfrym in die titel en verduidelik wat die funksie daarvan is. (2)

3.2 Hoe word die eerste woord in die gedig beklemtoon? (1)

3.3 Bespreek hoe ironie effektief ingespan word om die tema van die gedig op 'n satiriese wyse oor te dra. (3)

3.4 Watter kritiek word na jou mening in strofe 2 op die samelewing gelewer? (1)

3.5 Benoem die eindrym wat in die gedig voorkom. (1)

3.6 Wat is die funksie van die eerste dubbelpunt in die slotstrofe? Verduidelik ook wat jy dink die metafoor in dié strofe beteken. (2)

[10]

OF

## VRAAG 4 KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg

### Vroegherfs - Joan Hambidge

1. Die jaar word ryp in wrede ontnugtering,
2. in woede wat verskil, en bitter idees
3. wat daglank deur my nuwe minagting
4. uitgespoel word; alle idees word reëls,
5. tot selfs die slustes; en die eerste beelde val
6. so stilweg in my donker depressiewe drome uit
7. sodat die dendriete in my brein al
8. teen elke ligte môre ooreis, ópspruit.
9. O muses, laat hierdie dae nooit verbygaan:
10. laat alles val wat poësie of stilte verbreek
11. of cliché is, en vér was van die pyn;
12. laat ryp word, musesm laat jul verwoesting nimmer taan,
13. vir ewig, tot al my demone afgebreek
14. word in relevante, tydgebonde skyn.

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Op watter interteks is hierdie gedig geskoei? Wees spesifiek. | (1) |
| 4.2 | Verklaar die titel binne konteks van die gedig. | (1) |
| 4.3 | Bespreek die uiterlike bou van die gedig. | (2) |
| 4.4 | Wat is die funksie van die halfrym in versreël 6? | (1) |
| 4.5 | Waar vind die wending in die gedig plaas en waarom is dié versoek ironies? | (2) |
| 4.6 | Noem twee dinge waarvoor jy dink die spreker in die slotstrofe vra en noem wat die eindelike proses / verandering is waarna die spreker smag. | (3) |
| | | **[10]** |

EN

## ONGESIENE GEDIG : VERPLIGTEND

## VRAAG 5 KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg

**Virtual Reality – George Weideman**

Ons is nie verdryf nie
ons het dit afgesweer:
die lowerlushof van weleer
word deur 'n gerub* met 'n gasmasker
en 'n randsnyer beheer.

Spraak het nie verdwyn nie
ons het dit bloot verleer:
die storievertellers floreer
nou op 'n elektroniese,
kosmieser manier.

Selde kyk ons buitentoe
waar mossies tussen blare speel.
Die vensters van die rekenaar
bied uitsig op 'n binnestad
waarna ons gehipnotiseer

en volkome onversadig staar.

*[Uit: 'n Stening onder sterre, 1997]*

**Gerub: gevleuelde hemelse wese in rang net onder 'n seraf.*

5.1 Wat beteken die titel van die gedig? (1)

5.2 Waarom gebruik die digter die Engelse rekenaarterm as titel van die gedig? (1)

5.3 Wat wil die eerste strofe te kenne gee oor die mens se ingesteldheid teenoor die lowerlushof? (1)

5.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 7? (2)

5.5 Hoekom voel die spreker nie positief oor die virtuele werklikheid nie? Noem DRIE redes. (3)

5.6 Waarom is dit korrek om te sê versreël 16 beklemtoon die onvermoë van die virtuele werklikheid om die mens te bevredig? Stem jy saam met die spreker se hoofgedagte in die laaste reël van die gedig? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A : 30**

**AFDELING B: MIS - REZA DE WET**

**VRAAG 6 - OPSTELVRAAG**

Hierdie is 'n verpligte vraag.

Miem en Meisie is beide gevangenes van hulle omstandighede. Bespreek hierdie stelling in 400 - 450 woorde en motiveer ook waarom dit geloofwaardig is dat Meisie aan die einde van die drama saam met die Konstabel wegloop.

[25]

**VRAAG 7 – KONTEKSTUELE VRAAG**

**TEKS 1**

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

KONSTABEL: Nou wel, as u dan die saak oopgevlek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon ... of persone ...
GERTIE: Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een?
KONSTABEL: 'n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik.
MIEM: Ja, dit is waar. *(Aan Meisie)* Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.
MEISIE: Ja, Ma.

*MEISIE gaan sit en werk verder.*

MIEM: Verskoon tog, Konstabel. Wat wou u sê? Van die persone of persoon?
KONSTABEL: Ek was besig om te sê hy ...
GERTIE: Of hulle!
KONSTABEL: Net so, Juffrou. Of húlle koester dalk 'n wrok teen u en die juffrou hier.
MIEM: Hoe aaklig.
GERTIE: Verskriklik!
KONSTABEL: Wil u miskien selfs van die gras af maak!

*MIEM, MEISIE en GERTIE maak gelyktydig angsgeluide.*

7.1 Waarna verwys Gertie in reël 3? (1)

7.2 "Enigiets is moontlik." (reël 4)

Gee TWEE handelinge van Konstabel uit die drama wat sy woorde bewys. (2)

7.3 Herlees reëls 5 tot 7.

7.3.1 Gee 'n motivering vir Meisie se optrede in reël 5. Waarom is Miem se reaksie hier van belang? Gee TWEE redes. (3)

7.3.2 Hoe sluit Miem se woorde by die titel van die drama aan? (1)

7.3.3 Hoe dra die milieu (ruimte) by tot Miem en Meisie se werk met die sakke? Bespreek volledig. (3)

7.4 Wat is die funksie van die neweteks in reël 18? (1)

7.5 Waarom is Konstabel se woorde in reël 17 ironies? (2)

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | *(staan op. Kwaad. Beweeg na die deur)* Ek sal gaan, Mevrou. (Draai om by die deur en laat sy stok val) Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie. |
| MIEM: | *(nors)* Nou sê jou sê. |
| KONSTABEL: | *(Kwaad)* Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind ... of hier nog 'n deur is. Nog 'n plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik oopgebreek word ... Iemand kan daar insluip ... U man oorrompel ... Afklim ... en voor ons weet, is hy ... of sy ... tussen ons. |
| GERTIE: | O, Vader! |
| MIEM: | Konstabel ... ek was miskien 'n bietjie haastig. Ek sien ... u dra tog ons belange op die hart. U moet my maar vergewe. Ek is 'n bietjie kort van draad. Dit kom van my ma se kant. Konstabel, sal u tog nie maar bly nie? Ons sal dit waardeer. |
| GERTIE en MEISIE: | Asseblief, Konstabel. |
| | *Die KONSTABEL antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.* |
| MIEM: | *(oorvriendelik, na 'n stilte)* Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings, bedoel ek? |
| KONSTABEL: | O, ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone. |
| MIEM: | Werklik? |
| | *MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.* |
| MIEM: | *(aan die KONSTABEL)* So u sê u werk met vermiste persone, Konstabel? |

7.6 Al drie vroue sien die konstabel as biegvader en bevryder. Motiveer hierdie stelling volledig deur na Meisie en Gertie te verwys. (4)

7.7 Waarna vewys die Konstabel in reël 10 met die woorde "... u man oorrompel..."? (1)

7.8 Watter karaktereienskap van Miem kom na vore in reëls 14-16? (1)

7.9 Herlees Miem se onderstreepte vraag in reël 20.

Waarna verwys Miem en verduidelik hoe die Konstabel haar met sy antwoord bedrieg. (2)

7.10 Herlees reëls 23-24.

Verduidelik hoe die handeling van Meisie aansluit by die tema van bevryding. (2)

7.11 Waarom is sal die polisie juis iemand wat in vermiste persone spesialiseer (reël 25) na die huis stuur? (2)

[25]

Totaal: 80